

Die eenvoudige waarheid oor Kersfees!



Waaruit het ons Kersfees gekry? Uit die Bybel of uit die heidendom? Hier is die verbysterende FEITE wat jou dalk net mag skok! Weet jy wat die oorsprong van die kersboom is, van Kersvader, die misteltakkie, die kerskrans, die gebruik om geskenke uit te ruil? Vier Kersfees werklik die geboortedag van Yahshua? Was Hy op 25 Desember gebore? Het Paulus, die apostels en die vroeë gemeente van die Nuwe Testament Kersfees gevier? Weet jy wat die BYBEL oor 'n Kersboom sê? Stop en dink! Baie min mense weet HOEKOM ons die goed wat ons doen, doen, of WAAR ons gebruikte vandaan kom! Ons is in 'n wêreld vol gebruike in gebore. Ons word groot met die gebruike, neem dit as vanselfsprekend, maar BEVRAAGTEKEN dit NOOIT NIE!

'N HEIDENSE – Nie 'n Christelike fees nie

Ons was onder die indruk dat KERSFEES die hoof van die Christelike vakansiedae was. Sonder om vrae te vra het ons blindelings aangeneem dat die nakoming daarvan een van die vernaamste leer en opdragte van die Nuwe Testament is. Ons was onder die indruk dat Yahshua op die 25ste Desember gebore is en dat die Nuwe Testament die dag afgesonder het as die hoof Christelike fees. Ons het gedink ons ruil geskenke uit omdat die wyse manne geskenke vir Yahshua as kind gegee het. Maar kom ons hou op om te veronderstel en soek in die geskiedenis en die Bybel vir die FEITE! Die woord *Christmas* (in Afrikaans Kersfees) beteken "Miss van Christus" of soos dit later verkort is "*Christ-Mass*". Dit het as 'n Rooms-Katolieke mis gekom. En waar het hulle dit gekry? Van die heidense viering van 25 Desember as die geboorte van Sol, die SON-GOD! Dit is eintlik 'n antieke BAAL aanbiddingsritueel, wat deur die Bybel as die mees gruwelike van alle afgods aanbidding veroordeel word!

Dit word nêrens eens in die Nuwe Testament GENOEM nie. Dit is nooit deur Paulus, die apostels en die vroeë ware Gemeente gevier nie. Die idee dat Yahshua op 25 Desember gebore is, is een van die FABELS waarvan Paulus geprofeteer het waarmee die wêreld in die laaste dae mislei sal word (2Tim4:4).

Die eenvoudige waarheid is dat Kersfees glad NIE die Messias se geboortedag is nie! En die fees, belangrik soos dit vir baie is, is nie van Christelike oorsprong nie, maar van heidense Babiloniese oorsprong! Maar maak dit enige verskil? Is dit nie okay om dit in elk geval te hou nie? Is die Kersfees "GEES" nie 'n goeie en mooi ding nie, met wonderlike familie re-unies, ongeag van hoe dit begin het? ONS SAL SIEN!

Yahshua NIE op 25 Desember gebore NIE

Kom ons kyk nou na die interessante BEWYSE! Wanneer is Yahshua gebore? Yahshua is nie eens in die winter seisoen gebore nie! Toe Yahshua gebore is was daar in dieselfde landstreek skaapwagters in die oop veld, wat in die aand oor hulle kudde gewaak het (Luk2:8). Dit kon nooit in Israel in Desember maand gebeur het nie. Die skaapwagters het altyd, teen 15 Oktober op die laatste, hulle kuddes uit die berge en veld

na die stalle gebring om hulle van die koue en nat reënseisoen, wat op pad was, te beskerm. Let daarop dat die Bybel self in Hooglied 2:11 en in Esra 10:9 en 13 bevestig dat die winter 'n reënseisoen was en nie skaapwagters toegelaat het om in die oop veld gedurende die nag te wees nie. Dit was, volgens die Adam Clarke Kommentaar in Vol. 5 op bl. 386, 'n antieke gebruik onder die Jode van daardie tyd om hulle skape na die veld en woestyn te stuur tydens die Pasga (vroeë lente) en om hulle dan weer met die aanvang van die eerste reëns terug te bring. Verder sê die kundige: "*during the time they were out, the shepherds watched them night and day. As...the first rain began early in the month of Marchesvan, which answers to part of our October and November [begins mid October], we find that the sheep were kept out in the open country during the whole summer. And, as these shepherds had not yet brought home their flocks, it is a presumptive argument that October had not yet commenced, and that, consequently, our Master was not born on the 25th of December, when no flocks were out in the fields; nor could He have been born later than September, as the flocks were still in the fields by night. On this very ground, the nativity in December should be given up. The feeding of the flocks by night in the fields is a chronological fact...*See the quotations from the *Talmudists in Lightfoot.*"

Enige ander ensiklopedie of ander gesaghebbende bron sal vertel dat Messias nie op 25 Desember gebore is nie. Die Katolieke ensiklopedie stel die feit eerlik. Die presiese datum van Yahshua se geboorte is heeltemal ONBEKEND, soos wat al die bronne erken, tog as ek spasie in die pamflet gehad het sou ek vir jou skrifgedeeltes kon wys wat ten minste sterk daarop dui dat dit in die vroeë herfs, waarskynlik September, so ses maande na die Pasga was. As Yahweh wou hê dat ons die Messias se geboorte moes herdenk en vier sou Hy nie die presiese datum so geheel en al weggesteek het nie.

Wat Ensiklopedieë Sê

Daar is nie een woord in die Nuwe Testament, of êrens in die Bybel, wat vir ons sê om Kersfees te hou nie. Die gelowiges in die eerste eeu, onder die leiding van die geïnspireerde leringe van Petrus, Paulus en die ander apostels het dit nooit gehou nie. So snaaks soos wat dit mag klink is daar is geen BYBELSE OPDRAG vir die onderhouding daarvan nie. Waar het ons "Kersfees" dan gekry? Aangesien ons dit vanaf die Rooms-Katolieke kerk gekry het, en dit geen gesag buiten die van die Rooms-Katolieke kerk het nie, laat ons die Katolieke Ensiklopedie, wat deur die kerk gepubliseer is, ondersoek. Onder die opskrif "Christmas" sal jy lees: "*Christmas was not among the earliest festivals of the Church...The first evidence of the feast is from Egypt.*" "*Pagan customs centering around the January calends gravitated to Christmas.*" And further, we find this truth acknowledged: "*...in the Scripture, sinners alone, not saints, celebrate their birthday.*" Die Encyclopaedia Britannica sê weer: "*Christmas (i.e., the Mass of Christ). Christmas was not among the earliest festivals of the church...*" "*It was not instituted by the Messiah or the apostles, or by Bible authority, it was picked up afterward from paganism.*"

Die Encyclopaedia Americana sê: "*CHRISTMAS. It was, according to many authorities, not celebrated in the first centuries of the Christian church, as the Christian usage in general was to celebrate the death of remarkable persons rather than their birth...*" (Die Nagmaal, wat deur die gesag van die Nuwe Testament ingestel is, is 'n herdenking van die DOOD van

Messias) "*...a feast was established in memory of this event [Messiah's birth] in the fourth century. In the fifth century the Western Church ordered it to be celebrated forever on the day of the old Roman feast of the birth of Sol, as no certain knowledge of the day of Christ's birth existed.*"

Hoe Het Die Heidense Gebruik In Die Kerk In Gekom?

Let op! Hierdie erkende geskiedkundige outoriteite wys dat kersfees NIE deur gelowiges in die eerste twee of driehonderd jaar gehou is nie, 'n tydperk langer as die geskiedenis van die Verenigde State as 'n nasie! Dit het eers in die Westerse, of Rooms-Katolieke Kerk, teen die VIERDE eeu ingekom. Dit was eers teen die VYFDE eeu dat die Katolieke Kerk beveel het dat dit as 'n offisiële "Christen" fees gevier moet word! HOE het hierdie heidense gebruik dan IN die sogenaamde Christendom INGEKRUIP? Die Schaff-Herzog ensiklopedie verduidelik dit mooi in hulle artikel oor "KERSFEES": "*How much the date of the festival depended upon the Pagan Brumalia (Dec 25) following the Saturnalia (Dec 17- 24), and celebrating the shortest day of the year and the "new sun"... cannot be accurately determined. The pagan Saturnalia and Brumalia were too deeply entrenched in popular custom to be set aside by Christian influence...The pagan festival with its riot and merrymaking was so popular that Christians were glad of an excuse to continue its celebration with little change in spirit and in manner. Christian preachers of the West and the near East protested against the unseemly frivolity with which Christ' birthday was celebrated, while Christians of Mesopotamia accused their Western brethren of idolatry and sun-worship for adopting as Christian this pagan festival.*"

Onthou, die Romeinse wêreld was HEIDENS. Voor die vierde eeu was gelowiges min in getal, alhoewel die getal gegroei het, en is hulle deur die regering en heidense gelowiges vervol. Maar met die koms van Konstantyn as keiser, wat in die vierde eeu sy belydenis van Christenskap gemaak het, is die Christendom op gelyke voet met die Heidendom geplaas en het daar by die honderdduisende mense van die Romeinse wêreld hierdie nuwe populêre Christelike geloof begin aanvaar. Maar onthou, hierdie mense het met HEIDENSE gebruike groot geword, waarvan die hoof fees die afgodsfees van 25 Desember was. Dit was 'n fees van vrolikheid, met 'n spesiale GEES. Hulle het dit GENIET! Hulle wou dit nie opgee nie! Dieselfde artikel in die Schaff-Herzog ensiklopedie verduidelik hoe die erkenning van die Sondag deur Konstantyn, wat die heidense dag vir die afgods Sonaanbidding was, saam met die invloed van die heidense Manicheïsme, wat die SEUN van Yahweh met die SON geïdentifiseer het, vir die heidene van die vierde eeu, wat nou volslae na "Christendom" gekeer het, 'n VERSKONING gegee het om hulle afgodsfees van 25 Desember (geboortedag van die SONgod), die geboortedag van die SEUN van Yahweh te noem.

Dit is hoe "Kersfees" in die sogenaamde Christendom ingekom het! Ons mag dit dalk op 'n ander NAAM noem, maar dit is steeds dieselfde ou heidense sonaanbiddingsfees! Die enigste VERANDERING is in wat ons DIT NOEM! Jy kan 'n haas 'n "LEEU" noem, maar dit bly steeds 'n HAAS.

Weereens vanuit die Britannica: "*Certain Latins, as early as 354, may have transferred the birthday from January 6th to December 25, which was then a Mithraic feast...or birthday of the unconquered SUN...*The Syrians and Armenians, who cling to January 6th, accused the Romans of SUN WORSHIP and IDOLATRY, contending that the feast of December 25th, have been invented by disciples of Cerinthus..."

Die Ware Oorsprong van Kersfees

Maar as ons Kersfees van die Katolieke gekry het, en hulle dit van die heidendom gekry het, waar het die heidene dit gekry? Waar, wanneer en wat was kersfees se ware oorsprong?

Dit was die hoof gebruik van die korrupte sisteem wat regdeur Bybelse profesie en leringe onder die naam van BABILON veroordeel is. Dit is begin en het ontstaan in die antieke Babilon van Nimrod! Ja, dit spruit uit wortels

waarvan die begin kort na die vloed was. Nimrod, kleinseun van Gam, die seun van Noag, was die werklike stigter van die Babiloniese sisteem wat die wêreld sedertdien in sy greep gehou het. Dit is die sisteem van georganiseerde kompetisie, met menslike heerskappy oor ryke en regerings wat op die mededingende en winsgewende ekonomiese stelsels gebaseer is.

Nimrod het die toring van Babel gebou, die oorspronklike Babilon, antieke Nineve en baie ander stede. Hy het die wêreld se eerste koninkryk georganiseer. Die naam Nimrod in Hebreeus kom van “*marad*” wat beteken “hy het gerebelleer.” (Gen 10:6, 8-12)

Daar is baie, in verskeie antieke geskrifte, wat opgeteken is oor die man wat die groot georganiseerde wêreldse afvalligheid van Yahweh, wat tot vandag toe die wêreld domineer, begin het. Nimrod was so gruwelik dat daar gesê word hy het met sy eie ma, Semiramus, getrou. Na Nimrod se ontydige dood het sy sogenaamde moeder-vrou, Semiramis, die euwel van 'n doktrine van Nimrod se oorlewing as 'n geestelike wese gepropageer. Sy het beweer dat 'n volgroeiende immergroen boom oornag uit 'n dooie boomstomp op gekom het, wat die opkoms in nuwe lewe van die dooie Nimrod simboliseer. Sy het beweer dat Nimrod op elke herdenking van sy geboorte die boom sou besoek en geskenke op dit los. Nimrod se verjaarsdag was op 25 Desember. Dit is die werklike oorsprong van die kersfeesboom.

Semiramus het deur haar gekonkel en beplanning die Babiloniese “Koningin van die Hemel” geword, en Nimrod het onder verskeie name die “goddelike seun van die hemel” geword. Deur die generasies, in hierdie afgodsdienste, het Nimrod ook die valse Messias en die seun van Baal die Songod geword. In die valse Babiloniese sisteem het die “Moeder en Kind” (Semiramus en weergebore Nimrod) die hoof objek van aanbidding geword. Die aanbidding van “Moeder en Kind” het oor die wêreld versprei. Die name was verskillend in verskillende lande en tale. In Egipte was dit Iris en Osiris, in Asië - Cybele en Deouius, in heidense Rome - Fortuna en Jupiter. Selfs in Griekeland, Sjina, Japan en Tibet kan die eweknie vir die Madonna, lank voor die geboorte van die Messias, gevind word!

Dus, gedurende die vierde en vyfde eeu, toe die heidene van die Romeinse wêreld die nuwe populêre “Christendom” by die honderd duisende aanvaar het, het hulle hul ou heidense gebruike en gelowe saamgedra en dit bloot net in NAME wat Christelik geklink het toegedraai. Die Madonna en “Moeder en Kind” idee is ook gepopulariseer, veral tydens Kerstyd. Elke kersseisoen sal jy die lied “Stille Nag, Heilige Nag” met sy bekende “Moeder en Kind” tema dosyne kere hoor wanneer dit gesing word.

Ons is in so 'n Babiloniese wêreld in gebore, groot gemaak en lewenslank daarvan deurdrenk en is geleer om dit as heilig te ag. **ONS HET NOOIT BEVRAAGTEKEN WAARVANDAAN DIT KOM NIE, OF DIT VAN DIE BYBEL OF VAN HEIDENSE AFGODDERY KOM NIE!**

Ons is GESKOK om die WAARHEID te leer, ongelukkig neem sommige aanstoot tot die EENVOUDIGE WAARHEID! Maar Yahweh beveel sy getroue gesante: “ROEP UIT, moenie spaar nie, lig die stem op soos 'n trompet en WYS MY MENSE HULLE OORTREDINGE!” So skokkend soos die feite mag wees, is dit die eenvoudige feite van geskiedenis en die Bybel!

Die ware oorsprong van Kersfees gaan terug na antieke Babilon. Dit is gebonde aan die georganiseerde afvalligheid waarmee Satan al die eeue lank die wêreld mee vashou en mislei! In Egipte is daar geglo dat die seun van Iris (Egiptiese naam vir die “Koningin van die Hemel”) op die 25ste Desember gebore is. Die heidendom het die gewilde verjaarsdag eeue voor die geboorte van die Messias gevier. 25 Desember is NIE die geboortedag van Yahshua die ware Messias nie!

Die apostels en vroeë gemeente het nooit op enige tyd die Messias se geboorte gevier nie. Daar is geen opdrag of instruksie, in die Bybel, om

dit te vier nie. Die Bybel sê nêrens dat ons die “Moeder en Kind” moet aanbid nie. Die apostels en vroeë ware gelowiges het nooit dit! Die Skryf vertel van 'n gêrub wat vir Maria (Mirjam?) sê: “**Wees gegroet, begunstigde! Yahweh is met jou**”.

Sy was hoogs geseënd deur Yahweh, en dit word deur alle generasies na haar erken, maar dit beteken nie sy moet vergoddelik, aanbid of tot goddelike wese verhoog word nie, sy was bloot net 'n mens.

Die wydverspreide aanbidding van Maria as “die Moeder van Jesus” en die doktrine van die “Onbevleete bevrugting”, wat na haar verwys as 'n nagemaakte middeljaar tussen die mens en Yahweh, is 'n voortsetting van die antieke Babiloniese afgodery wat deur die slinkse misleiding van Semiramis, vrou van Nimrod, begin is! Dit is onafskeidbaar van die Kersfees idee!

Dus is die antieke afgods “Misteries van die Chaldeërs”, wat deur die vrou van Nimrod opgerig is, deur die heidense gelowe aan die Katolieke Kerk onder nuwe Christelike klinkende name oorgegeen, en vandaar af het dit in die Protestante denominasies in gekom en na almal van ons vandag!

Oorsprong van die Misteltakke en die Kersfeeskrans

Waar kom die MISTELTAKKE tradisie vandaan? Die antieke heidene het die takke tydens die fees van die noordelike wintersonstilstand gebruik omdat hulle dit as heilig vir die SON beskou het as gevolg van die veronderstelde wonderbaarlike genesingskrag. Die heidense gebruik om onder die misteltakke te soen was 'n vroeë stap in die nag se losbandigheid en dronkenskap wat die afsterwe van die “ou son” en die geboorte van die “nuwe son” tydens die winter sonstilstand gevier het. Die misteltakke, gewyd in heidense feeste, is 'n PARASIE! Die rooi bessies is ook as heilig vir die songod beskou. Selfs die aansteek van vure en kerse as deel van 'n Christelike seremonie is bloot net 'n voortsetting van die heidense gebruike, waar die kwynende songod, wat die laagste punt in die suidelike lug bereik het, aangemoedig is om terug te keer!

Die Americana sê: “*The holly, mistletoe, the Yule log...are relics of pre-Christian times.*” “**PAGANISM!**” Die boek, *Answers to Questions*, wat deur Frederick J. Haskins, saamgestel is, sê: “*The use of Christmas wreaths is believed by authorities to be traceable to the pagan customs of decorating buildings and places of worship at the feast which took place at the same time as Christmas. The Christmas tree is from Egypt, and its origin dates from a period long anterior to the Christmas Era.*”

Ja en SELFS KERSVADER!

Maar lieue ou Kersvader is seker nie 'n skepping van heidense afkoms nie? Maar hy IS, en sy ware karakter is nie so welwillend en heilig soos baie dink nie!

Die naam Sinterklaas kom van die naam “St Nicholas”, 'n Rooms-Katolieke biskop wat in die 5de eeu geleef het. Kyk in die Encyclopedia Britannica, Vol 19, bladsye 648-9, 11de uitgawe. Jy sal die volgende lees: “*St. Nicholas, bishop of Myra...a saint honored by the Greeks and Latins on the sixth of December...A legend of his surreptitious bestowal of dowries on the three daughters of an impoverished citizen...is said to have originated the old custom of giving presents in secret on the eve of St. Nicholas [Dec. 6]. SUBSEQUENTLY TRANSFERRED TO CHRISTMAS DAY. Hence the association of Christmas with Santa Claus....*”

Reg deur die jaar straf ouers hul kinders as hulle leuens vertel. Maar tydens kersfees vertel hulle self vir hulle kinders hierdie “Kersvader” leuen! Is dit 'n wonder dat die kinders,

wanneer hulle groot word en die waarheid leer, begin dink dat Yahweh ook 'n mite is?

'n Klein seuntjie, hartseer oor die ontnugtering oor Kersvader sê vir 'n maat, “Ja, en ek gaan in hierdie ‘Jesus Christus’ besigheid ook inkyk!” Is dit eerlik om mites en valshede vir kinders te leer? Yahweh sê “**Jy sal nie valse GETUIENIS lewer nie!**” Dit mag dalk reg lyk en deur menslike redenasie geregverdig word, maar Yahweh sê “**Daar is 'n weg wat vir 'n mens REG lyk, maar die einde daarvan is weë van die DOOD**”. “Ou Niek” is ook 'n term vir die duiwel! Is daar 'n konneksie? Satan verskyn as 'n “engel van LIG” om mense te mislei!

So wanneer ons die feite bestudeer is ons verbaas om te leer dat die gebruik van die vier van Kersfees, na alles nie 'n gebruik van ware gelowiges is nie, maar 'n heidense gebruik, een van die weë van BABILON waarin ons mense in geval het!

Wat die Bybel oor die Kersboom sê!

Maar terwyl die Bybel stil is en nie vir ons vertel om KERSFEES te hou nie, of van enige sulke onderhouding deur die apostels of vroeë ware Gemeente nie, het dit wel iets om te sê oor die Kersboom! Dit sal vir baie as 'n verrassing kom. Hier is dit:

Jeremia 10:1-4 “Hoor die woord wat Yahweh oor julle gesê het, o huis van Israel! So sê Yahweh: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie ... Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl, hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

Hier is 'n perfekte beskrywing van die Kersboom, wat deur die Ewige die “weg van die heidene”, die gebruike van mense, genoem word. Ons word beveel om NIE die weg te leer of na te volg nie! In die stuk word dit ook as afgodery geag. Die vyfde vers wys dat die bome nie kan praat of loop nie, maar gedra moet word. “**Wees nie bevrees vir hulle (die bome) nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.**” Party mense lees dit verkeerd sodat hulle dink dit sê daar is geen kwaad daarin om 'n kersboom te hê nie, maar dit is nie wat dit sê nie.

Ons is in BABILON en het dit nie GEWEET NIE!

Kersfees het 'n KOMMERSIELE seisoen geword. Dit word geborg en lewendig gehou deur die mees intensiewe advertensie veldtogte van die jaar. In baie winkels sien mens 'n gemaskerde Kersvader. Advertensies hou aan om ons te bedrieg en mislei oor die “wonderlike Kersfees GEES.” Die koerantpapiere wat die advertensies verkoop, druk soetsappige artikels wat die heidense seisoen en sy “gees” vereer en verhef. Vreemd genoeg skryf sommige koerante selfs artikels oor die heidense afkoms van Kersfees. Liggelowige mense het al so geïndoktrineer geword dat hulle aanstoot neem wanneer die WAARHEID aan hulle vertel word!

Maar elke jaar word die “Kersgees” geskep, nie om die Messias te eer nie, maar om goedere te VERKOOP! Soos al Satan se drogbeelde, verskyn dit soos 'n “engel van LIG”, gemaak om GOED te lyk. BILJOENE word spandeer op die bemerkingsveldtogte elke jaar, terwyl die SAAK VAN MESSIAS moet LY! Dit is deel van die ekonomiese sisteem van BABILON!

Ons is Yahweh se mense, ISRAEL! Ja, ons is IN BABYLON, soos Bybelse profesieë voorspel het, en ons weet dit nie! “**Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van HAAR PLAIE ontvang nie.**” Die waarskuwing van Openbaring 18:4 is gou besig om verby te gaan.

Vir meer inligting oor die heidense tradisies wat ons geërf het lees asseblief ons boek “Die Groot Afvalligheid” en besoek ons webtuiste by www.coyhwh.com